171/70

2-2-70

171/70

G.P.-S. J. 445.

# In the Supreme Court of South Africa
# In die Hooggeregshof van Suid-Afrika

(APPELLATE DIVISION).
AFDELING).

**APPEAL IN CRIMINAL CASE.**
**APPÈL IN STRAFSAAK.**

HENDRIK CHRISTIAAN WILKEN

**Appellant.**

*versus/teen*

THE STATE

**Respondent.**

*Appellant's Attorney* Webber & Son *Respondent's Attorney* A.G. (G.town)
*Prokureur van Appellant* *Prokureur van Respondent*

*Appellant's Advocate* H.J.O. v. Heerden *Respondent's Advocate* P. Yutar S.C. & E. Marais
*Advokaat van Appellant* *Advokaat van Respondent*

*Set down for hearing on* 11-5-1971
*Op die rol geplaas vir verhoor op*

1.3.9

(E.C.D.) Coram: Ogilvie Thompson C.J., Rumpff J.A., et Corbett A.J.A.

9.30 am — 10.35 am.

C.A.V.

Dismissed 24-5-71. Ogilvie Thompson H.R. – appeal ward of grunger.

REGISTRAR, APPEAL COURT.
GRIFFIER, APPELHOF.
BLOEMFONTEIN.

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA.

(APPÈL-AFDELING).

In die saak van:

H.C. WILKEN ............ Appellant

teen

DIE STAAT .............. Respondent.

Coram: OGILVIE THOMPSON, H.R., RUMPFF, A.R., et CORBETT, Wnd. A.R.

Verhoordatum: 11 Mei 1971. Uitspraak gelewer: 24.5.71

---

UITSPRAAK.

OGILVIE THOMPSON, H.R.:

Op 4 Mei 1970 is die appellant in die landdroshof te Burgersdorp skuldig bevind aan die misdaad van aanranding met die opset om ernstige liggaamlike leed aan te doen. Die vonnis hom opgelê is 'n boete van R100 of, by wanbetaling, drie maande gevangenisstraf. Die klaer in die saak is 'n Bantoeman, ene William Mgalanga. Die misdaad is, onder die omstandighede hierna uiteengesit,

te...../

te Burgersdorp op 15 Oktober 1969 gepleeg. Die saak het eers op 18 Februarie 1970 voor die landdros gedien maar is, op versoek van die verdediging, verskeie kere uitgestel. 'n Prokureur het deurgaans namens die appellant in die landdroshof opgetree.

Op 11 Mei 1970 is 'n appèl na die Oos-Kaapse Afdeling aangeteken op grond daarvan dat die uitspraak teen die oorwig van die getuienis sou wees. Die slot-paragraaf van die landdros se geskrewe redes na aanleiding van hierdie kennisgewing van appèl het soos volg gelui:

> "Indien die Hof fouteer het by oplegging van vonnis, dan het hy moontlik fouteer deur nie 'n swaarder vonnis op te lê nie."

Nadat die twee geleerde Regters wat die appèl sou aanhoor te kenne gegee het dat, ingeval die appèl op die meriete sou misluk, strafverswaring oorweeg sou moet word, het die Prokureur-generaal op 12 Augustus 1970 formeel kennisgewing aan appellant se prokureurs laat bestel dat hy voornemens is om aansoek te doen om verswaring van die vonnis. Op 14 Augustus 1970 het die

appèl voor Regters Eksteen en Addleson gedien. Nadat die appèl aangekondig is, is aansoek deur die appellant se advokaat gedoen om verlof om die appèl terug te trek. Daardie aansoek is - heeltemal tereg: kyk R. v. Grundlingh, 1955 (2) S.A. 269 (A.A.) - van die hand gewys. Appellant se advokaat het toe aansoek gedoen om uitstel om die appellant 'n geleentheid te gee om 'n versoekskrif in te dien vir 'n bevel dat die saak na die landdros vir aanhoor van verdere getuienis terugverwys word. Genoemde aansoek is toegestaan; die appèl is *sine die* uitgestel en die landdros is tegelykertyd versoek om sy mening uit te spreek t.o.v. die Prokureur-generaal se bogemelde aansoek om verswaring van die vonnis.

Na aanleiding van laasgenoemde versoek, het die landdros herhaal dat appellant "'n uiters brutale aanranding" gepleeg het, die mening uitgespreek dat hy miskien té veel ag daarop geslaan het dat 'n departementele ondersoek hangende was, en gesê dat by heroorweging hy van oordeel is dat "saam met die vonnis wat opgelê is, daar 'n verdere tydperk van gevangenisstraf sonder die keuse van

'n boete wat opgeskort word vir 'n bepaalde tydperk op sekere voorwaardes, opgelê moet word". Onder datum 15 September 1970 is 'n kennisgewing van mosie met die Griffier van die Oos-Kaapse Afdeling geliasseer, gesteun deur beëdigde verklarings, dat by die verhoor van die appèl appellant aansoek sou doen om 'n bevel dat die saak na die landdros terugverwys word.

Op 12 Oktober 1970 het die appèl voor Jennett, R.P., en Kotzé, R., gedien. Die aansoek om die saak na die landdros terug te verwys, asook die appèl op die meriete, is van die hand gewys. Wat die vonnis betref, is die boete deur die landdros opgelê tersyde gestel en 'n vonnis van drie maande gevangenisstraf gevel. Verlof om te appelleer teen hierdie laasgenoemde vonnis is deur die Oos-Kaapse Afdeling toegestaan, en die appellant kom nou in hoër beroep.

Die tersaaklike feite van die misdaad kan kortliks uiteengesit word. Op die namiddag van 15 Oktober 1969 was die klaer, 'n arbeider in diens van die

Suid-Afrikaanse.../

Suid-Afrikaanse Spoorweë, werksaam om spore te lê in die omgewing van die spoorwegstasie te Burgersdorp. Hy is deur sy baas, ene Klein, 'n blanke assistent baanmeester, gestuur om 'n blanke, wat ook op die spoorlyn werksaam was, te gaan roep. 'n Lokomotief wat deur appellant - 'n masjienis, oud 37 jaar, met 23 jaar diens in die spoorweë - bestuur is, en wat agteruit in die rigting waarheen klaer wou gaan beweeg het, het verbygekom en klaer het op die trappe van die lokomotief gespring. Klaer was destyds nie bewus daarvan dat dit 'n oortreding van spoorwegregulasies is om so op die trappe van 'n lokomotief te spring nie. Dit het hy eers later tydens die departementele ondersoek i.v.m. hierdie voorval uitgevind. Appellant se relaas dat klaer die tralie van die lokomotief misgevang het en geval het, is deur die verhoorhof verwerp. Klaer het getuig dat, terwyl hy op die trappe van die lokomotief gestaan het, het appellant die lokomotief se spoed vermeerder en hom toe beveel om af te klim. Klaer het geantwoord dat die lokomotief nou té vinnig loop vir hom om af te klim

sonder om seer te kry. Hy het met albei hande aan die tralies vasgehou, met sy gesig na die lokomotief. Toe het appellant vir klaer in die gesig geklap met die agterkant van sy hand. Daarna het appellant eers vir klaer op die mond met sy vuis geslaan, en toe vir hom met sy geskoende voet in sy regteroog geskop. As gevolg van hierdie skop, het klaer van die lokomotief afgeval en ernstige beserings opgedoen. Hy is in die hospitaal opgeneem en was vir vyf dae bewusteloos. Klaer se relaas is gestaaf deur voormelde Klein, wat 'n ooggetuie van die voorval was, en in sekere aspekte ook deur die getuienis van 'n Bantoe, Elliot Ngcobo, wat saam met klaer op die spoorlyn gewerk het. Klein het o.m. bevestig dat, nadat klaer op die trappe gespring het, die lokomotief steeds vinniger beweeg het; hy het ook die mening uitgespreek dat toe klaer afgeval het, die lokomotief vinniger beweeg het as wat 'n persoon kan hardloop. Klein het verder getuig dat nadat appellant die lokomotief tot stilstand gebring het, het appellant na die plek waar klaer nog gelê het teruggestap en aan Klein gesê: "Ek

het..../

het die Bantoe afgemoer". Klaer, Klein en Ngcobo is deur die landdros as betroubare getuies bevind. Klein het "'n besondere gunstige indruk" op die landdros gemaak en laasgenoemde het "geen twyfel ondervind om die getuienis van die staatsgetuies te aanvaar en dié van die verdediging te verwerp nie". Verder het die landdros hom as volg uitgelaat:

> "Die beskuldigde moes besef het dat indien klaer van die redelike vinnigbewegende lokomotief afspring soos sy versoek was, hy ernstige beserings kon opdoen. Met daardie besef het beskuldigde nog veel verder gegaan en klaer op uiters brutale wyse van die lokomotief afgeskop".

In hierdie verband is dit nie onvanpas om hier te noem dat Regter-President Jennett hom t.o.v. appellant se gedrag soos volg uitgelaat het nie, naamlik:

> "I find myself in full agreement with the view expressed by the two learned Judges who were concerned with the appeal before......... that this was a particularly brutal and callous assault".

Die bewese feite spreek inderdaad vanself. Dit is onnodig om hieroor uit te wei. Dit is genoeg om

te......../

te sê dat ek met die hierbo-aangehaalde sienswyses van die landdros en van die geleerde Regter-President volkome saamstem.

In hierdie Hof is dit namens appellant betoog dat die landdros se vonnis nie so klaarblyklik lig was om die hof a quo te regverdig om dit te wysig nie. In hierdie verband is o.m. na appellant se ouderdom en sy lang diens in die spoorweë verwys, asook die feit dat die klaer in stryd met spoorwegregulasies op 'n bewegende lokomotief gespring het. Met sy ervaring egter moes appellant juis goed besef het dat dit gevaarlik sou wees om van 'n vinnigbewegende lokomotief af te spring. Nogtans het hy die lokomotief se spoed vermeerder, en daarna die klaer op wreedaardige wyse van die trappies afgeskop. As al die omstandighede van die saak in ag geneem word, is dit, na my mening, duidelik dat die oorspronklike vonnis van 'n boete van R100 (of drie maande gevangenisstraf) nie 'n voldoende vonnis was nie. Genoegsame rede het dus bestaan vir strafverswaring deur die hof a quo.

Verder is dit voor hierdie Hof namens

appellant, met verwysing na S. v. Scout, 1969 (1) S.A. 545 te bl. 547 E - H, en S. v. Mzimara, 1966 (4) S.A. 257 te bl. 259, betoog dat die hof a quo behoort in elk geval slegs die bedrag van die boete te vermeerder het, en dat daardie hof fouteer het deur die landdros se vonnis tot een van tronkstraf sonder opskorting daarvan, en sonder die keuse van 'n boete, te wysig. In genoemde gewysdes is geweld egter nie 'n element van die misdade daarin betrokke nie. In die onderhawige geval het appellant, soos reeds aangedui, die klaer met geweld van die snelbewegende lokomotief afgeskop, en sy houding i.v.m. die hele aangeleentheid word geopenbaar in sy opmerking, "Ek het die Bantoe afgemoer". As al die omstandighede van die saak in oorweging geneem word, kan 'n vonnis van onopgeskorte tronkstraf geensins as onvanpas beskou word nie (vgl. R. v. Grundlingh (supra) te bl. 278; Kotzé v. Die Staat, 1965 (2) P.H. H.179 (A.A.); S. v. Anderson, 1964 (3) S.A. 494 (A.A.) ).

Die verdere betoog namens appellant dat 'n vonnis van drie maande tronkstraf in elk geval in so 'n mate buitensporig is dat hierdie Hof behoort in te gryp

gaan ook nie op nie. Met die hof a quo se benadering tot die kwessie van strafverswaring, soos in die uitspraak van die geleerde Regter-President weerspieël, is daar geen fout te vind nie. Daarin is o.m. melding gemaak van appellant se lang diens en dat hy 'n eerste oortreder is, en daardie faktore is in aanmerking geneem. Deur drie maande tronkstraf te bepaal het die hof a quo sy diskresie in hierdie aangeleentheid uitgeoefen. Appellant kom nou in hoër beroep teen die uitoefening van daardie diskresie en teen daardie bepaling. Onder sodanige omstandighede, sal hierdie Hof slegs ingryp as daar 'n opvallende verskil bestaan tussen die vonnis wat hierdie Hof sou gevel het en die vonnis deur die hof a quo bepaal (kyk S. v. Mofokeng, 1962 (2) S.A. 385 (A.A.) te bl. 389 B - F; S. v. Berliner, 1967 (2) S.A. 193 (A.A.) te bl. 200 F - J). Na my mening bestaan sodanige opvallende verskil nie in die onderhawige saak nie.

Op grond van die voorgaande redes word die appèl afgewys.

N. Trollip Thompson

RUMPFF, A.R.
CORBETT, Wrn. A.R. } Stem saam.